

22

JESUS SE GEBOORTE

Jesus ons God en Koning in 'n krip?

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet opnuut hoor dat ons Verlosser, Jesus Christus, in 'n krip gebore is.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet –

- die geskiedenis van Jesus se geboorte ken.
- weet dat Jesus Christus, Here en Koning is.
- weet Hy is ewig Koning en alle mense moet doen wat Hy ons leer.

Gesindheid

Die kinders moet –

- dankbaar wees dat Jesus ons Here en Koning is.
- bereid wees om Jesus uit dankbaarheid te dien.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om –

- te vertel waarom die geboorte van Jesus vir hulle belangrik is.
- 'n Kerslied te sing of op te sê.

MEER INLIGTING (Matteus 2: 1-12)

Koning Herodes die Grote het regeer oor Judea waarin die dorpie Betlehem geleë was. Hy het in Jerusalem, die hoofstad, gebly. Herodes was 'n wrede man wat baie mense, selfs sy eie familie, laat vermoor het. Jesus is in daardie tyd in Betlehem gebore. Sy ouers was Josef en Maria.

Nadat Jesus gebore is, het daar sterrekykers uit die ooste in Jerusalem, die hoofstad, opgedaag. Hulle wou weet waar die nuwe koning gebore is. Sterrekykers het die sterre bestudeer en gesien dat daar 'n baie helder ster was. Dit kon moontlik gebeur het dat twee sterre agter mekaar ingeskuif het – heel waarskynlik was dit Jupiter (die koningster) en Saturnus (die ster van Israel). Dit het hulle laat glo dat daar 'n koningskind in Israel gebore is. Daarom gaan hulle na die hoofstad, Jerusalem, waar koning Herodes gebly het. Dit is immers waar 'n mens 'n koning sou verwag.

Die jaloerse, wrede koning Herodes was baie ontsteld toe hy hoor dat daar moontlik 'n koning gebore is wat sy koningskap kon bedreig. Hy was genadeloos en het so baie vyande gehad dat hy almal gewantrou het. Hy was die hele tyd bang dat iemand hom van die troon sou probeer beroof. Daarom het hy die slimste manne, die priester en die skrifgeleerdes, bymekaar geroep en hulle gevra waar die Christus gebore sou word. Hulle het dadelik in die profetiese boeke gaan kyk en gesien dat die profeet Miga voorspel het dat daar 'n leier vir Israel in Betlehem gebore sou word.

Dit is interessant dat die geestelike leiers van Israel dadelik geweet het waar die Messias gebore sou word. En tog het hulle nie ook probeer om Hom op te spoor en aan Hom hulde te bring nie. Om die waarheid te sê, later sou hulle sy grootste vyande word.

Herodes vra die sterrekykers om hom te kom vertel as hulle die pasgebore koning gevind het. Hy wil aan Hom hulde bring. Dit was 'n leuen. Dit was net 'n set om te verseker dat die sterrekykers sou terugkom om vir hom te vertel presies waar hy die pasgebore koning kon kry. Hy wou Hom doodmaak.

Jesus se eie volk het Hom nie geëer nie. Vreemde sterrekykers uit die ooste het vir Hom duur geskenke gegee omdat dit waardige geskenke vir 'n toekomstige koning was. Aan hierdie geskenke word somtyds simboliese betekenis geheg: Goud was 'n geskenk wat aan konings gegee is; wierook 'n geskenk wat aan 'n godheid gegee is; en mirre 'n spesery vir 'n mens wat sou sterf. Selfs vreemdelinge het erken dat Jesus die Koning is!

Nadat die sterrekykers Jesus gevind en Hom aanbid het, is hulle in 'n droom gewaarsku om nie na Jerusalem terug te keer volgens hul oorspronklike plan nie.

So kan jy dit ook geestelik op jouself toepas: As jy Jesus vind en Hom as koning van jou lewe erken, sal dit moontlik beteken dat jy ook 'n nuwe rigting met jou lewe sal moet inslaan. Jesus is inderdaad koning! Ons moet Hom eerbiedig en Hom gehoorsaam volg as die Een wat oor ons lewe regeer.

AANBIEDING

Jy het nodig

Reël met die koster en orrelis vir Sondag se les. (Sien IETS OM TE DOEN.)

KOM ONS BEGIN

Open met die voorlesing van Gesang 344: 1 en 3.

*O die goeie tyding,
o die blye tyding –
helder klink dit met Kersfeestyd:
Diep was ons verlore,
Christus is gebore.
Juig dan, almal, jubel oor die saligheid!*

*O die goeie tyding,
o die blye tyding –
oral hoor ons: Dis Kersfeestyd.
Blye jubelkore
loof die Kind, gebore.
Juig nou mensdom, prys Hom tot in ewigheid!*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Ons is almal bly en opgewonde as ons daaraan dink dat dit een van die dae Kersfees is. Ons moet opgewonde wees omdat dit die dag is waarop ons Verlosser Jesus gebore is. 'n Verlosser wat reeds jare en jare gelede aan die mensdom belowe is.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel kortliks die geskiedenis van Jesus se geboorte.

IETS BELANGRIK

Beklemtoon weer die volgende:

- Jesus se geboorte is lank voor die tyd deur die profeet Miga voorspel.
- Jesus is Christus, Here en Koning.
- Jesus se ouers was Josef en Maria.
- Jesus is in 'n krip in die stad Betlehem gebore.
- Sterrekykers uit die ooste het na Jesus kom soek.
- Koning Herodes wou Jesus doodmaak.
- Jesus het gekom om die mensdom van hul sondes te verlos.
- Elkeen moet bly wees en jubel dat die Verlosser gebore is.
- Ons gee uiting aan ons dankbaarheid deur die sing of opsê van 'n Kerslied.

IETS OM TE DOEN

Elke kategeet kies 'n Kerslied wat die klas moet aanleer: Gesange 345 tot 376 is gepaste Kersliedere in die Liedboek. Die verskillende klasse kom by hul kategete bymekaar. Hulle gebruik die Liedboek en met die kategeet se leiding leer hulle die lied aan. Die helfte van die lestyd word bestee aan die aanleer van die lied. Die hele fase kom dan in die saal of kerk bymekaar waar elke graadgroep geleentheid kry om hul Kerslied te sing of voor te dra. Die orrelis kan ook by hierdie projek betrek word.

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle tuis 'n paar Kersliedere uit die Liedboek (Gesange 345 tot 376) aandagtig deurlees, of as hulle CD's met Kersliedere het, daarna luister.

Leer

Laat hulle 'n Kerslied van hul eie keuse uit die Liedboek memoriseer.

AFSLUITING

Die hele fase sluit af met Gesang 344: 1 en 3. Dit is dieselfde Kerslied waarmee die les geopen is.

Belangrik: Herinner die graad 4's daaraan om die hersieningswerk uit Les 21 te gaan leer vir volgende week.